# LIGGIES VIR LEWE-FEES 2019

**Rustenburg** – Die Nederduitse Gereformeerde (NG) Kerk Proteapark se jaarlikse Liggies vir Lewe-Fees het hierdie jaar tussen 30 November en 5 Desember plaasgevind.

Die Liggiefees-projek het in 2015 begin toe NG Proteapark se kerkgebou vir die eerste keer deur liggies versier is. Hierdie jaar is nuwe liggies en Kerstonele bygevoeg – meer as twee kilometer se liggies is met ongeveer 11,000 se kabelbandjies vasgemaak.

Die jaar se fees is deur 'n oorvloed van seëninge gekenmerk, die heerlike reën waarvoor ons al so lank bid! Tydens Saterdag, 30 November, se verrigtinge het KykNET se 2018 Koekedoortjie-wenner, Wicus van Deventer 'n demonstrasie gelewer waartydens hy kolwyntjies met glimversiering gemaak het. Daarna is koeke deur ongeveer 30 laerskoolleerders versier en Liggiefees 2019 se eie Koekedoortjie-wenner aangekondig: Henriëtte Fouché het vir haar gesin 'n wegbreeknaweek na Nyathi Gasteplaas gewen!

Die Fotokompetisie en Mnr en Mej Liggiefees het ook vir groot opwinding gesorg, met die bekende beoordelaars wat hierdie jaar betrokke was. Refinement Clinic was een van die hoofborge van die kompetisie. Die beoordelaars was: 2018 se Mev Rustenburg, Selicia Richter; Mev SA Globe Classic, Tracey Stewart; Mnr en Mej Rustie 2019, Estiaan van Tonder en Melissa Janse van Rensburg; en JD Barnard.

Sondag, 1 Desember was die jaarlikse Kerssangdiens deur Jakkie Louw gelei, waarna die liggies aangeskakel is. Die ongeveer 800 mense se asems is weereens weggeslaan toe die liggies aangeskakel is.

Die res van die week is *Disney Dazzle* gehou, die Boeremusiekgilde het gesorg dat feesgangers so 'n bietjie kon skoffel en die fees is afgesluit met Kerssangliedere. Tussendeur die reënweer kon die kinders treintjie ry, op die vuurtoring speel, op springkastele spring, en mini *putt-putt* speel.

Hul Kersnagmark het hierdie jaar 40 unieke uitstallers gehad, wat kos, drinkgoed en puik produkte van 'n hoogstaande gehalte aangebied het.

Die kerk se eie sosaties was 'n treffer waarvoor mense weer en weer teruggekom het. Daar is nagenoeg 700 sosaties tydens die fees verkoop. Die stalletjie wat hierdie jaar gewen het, is Madelize Coetzee met haar besonderse roomys, Frosty Melts.

Daar is ook fondse en sagte speelgoed vir Kindersorg ingesamel en afgelewer op 6 Desember.

NG Proteapark nooi graag die gemeenskap oor die feestyd om te kom kyk na die geboorte van Jesus en die betekenis van Sy sterwe wat uitgebeeld word in liggies. Die kerk gebruik dan ook die geleentheid om aan die gemeenskap 'n besondere Kerservaring te bied. Die kerk se liggies sal elke aand tot en met 25 Desember aangeskakel word. Die hekke sluit om 21:00 elke aand. Kom wees deel van hierdie besonderse geleentheid om liggies te kyk, foto's te neem en miskien 'n piekniek tussen die liggies te hou - en laat jou liggie helder skyn vir Jesus!

Vir verdere navrae kontak dominee Deon Strauss by 083 627 5085 of bemarkingsbeampte Christel Herbst by 082 785 2439.



Feesgangers geniet die buitelug en liggies tydens die Liggies vir Lewe-Fees.



Koekedoortjie-wenner, Wicus van Deventer, saam met die wenners van hierdie jaar se Liggiefees Koekedoortjie 2019 wenners.



NG Proteapark se liggies is op 1 Desember aangeskakel gedurende die Kerssangdiens wat deur Jakkie Louw gelei is.


TOYOTA NISSAN Audi BAW

Ridwaan: 083 765 4042 | Dees: 072 870 1098 | Rashaad: 072 053 7863

Tel: 014 592 1595 | 014 592 1724 | 72 Kerk Street, Rustenburg, 0299

AUTO BODY PARTS BY TIM

QUANTUM 2014 FUNNY FACE
HEADLAMP: R550
GRILL: R800
BONNET: R900
BUMPER: R500
TOYOTA TAZZ 2000
HEADLAMP AND CORNER
LAMP COMBO: R1100
BUMPER: R380
BONNET: R1350
GRILL: R195
VW POLO VIVO 2010
FRONT BUMBER: R450
CRADLE: R800
GRILL: R300
HEADLAMP: R990

ALL FRONT BUMPERS

QUANTUM 2014: R500
TOYOTA TAZZ 200: R350
POLO 6 2010: R550
VW GOLF VELOCITY: R380
FORD RANGER T6: R550
FORD FIGO 2010: R680

AND MUCH MORE
Incl Fitting while you wait








CALL RABBIE FOR YOUR FREE QUOTE NOW!
074 232 3064






CleanUp
CLEANUP LACQUER THINNERS 5L: R79

AutoCity
SPARES AND BODY PARTS
Stripping For Spares

FERODO
Gabriel
MONROE SHOCK ABSORBERS
safeline BRAKE PADS
LUK
BOUGI CORD